POLICY 050/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **SELLULÊRE TELEFOON VIR AMPTENARE IN SLEUTELPOSTE**

REFERENCE/VERWYSING: **6.2.2.2**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **17.18/11/2016 (RV)** DATE/DATUM: **25 November 2016**

BELEIDSOOGMERK: Om sleutelpersoneel toe te rus met 'n sellulêre telefoon ten einde hul werk effektief te kan verrig en deurentyd bereikbaar te wees.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad wil die amptenare so toerus om hul werk effektief en spoedig te kan afhandel.

RIGLYNE

1. Die Direkteur of sy gedelegeerde moet skriftelik 'n motivering aan die Munisipale Bestuurder rig vir goedkeuring waarin hy/sy verduidelik waarom die Munisipale Bestuurder 'n sellulêre telefoon moet toestaan aan 'n amptenaar in sy/haar direktoraat.

2. Die Raad sal 'n sellulêre telefoon beskikbaar stel teen 'n maksimum prys van R490.00 per maand BTW uitgesluit. Die Direkteur of sy gedelegeerde mag self-die pakket bepaal.

3. Elke Direkteur of sy gedelegeerde, besluit self in watter omstandighede en vir watter tydperk 'n amptenaar in sy direktoraaat die sellulêre telefoon mag gebruik.

4. Alle oproepe en kostes wat die kontrakprys (BTW uitgesluit) en gratis perke oorskry, moet deur die verbruiker/amptenaar betaal word.

5. Elke amptenaar onder hierdie beleid aan wie 'n sellulêre telefoon verskaf word vir gebruik, moet 'n gebruiksooreenkoms onderteken, alvorens die sellulêre telefoon aan hom/haar toegeken word.

6. Die Munisipale Bestuurder of sy gevolmagtigde mag weier om aan enige amptenaar 'n sellulêre telefoon te verskaf, of indien die sellulêre telefoon misbruik word, die vergunning terug te trek, waarna die sellulêre telefoon onmiddellik aan die direkteur of sy gevolmagtigde, in 'n goeie werkende toestand terugbesorg moet word.

7. Enige gebreke by ontvangs van die sellulêre telefoon wat toegeskryf kan word aan nalatige of onbehoorlike gebruik deur die gebruiker/amptenaar, sal vir die rekening van die gebruiker wees.

8. Sellulêre telefoon kontrakte aan die Munisipale Bestuurder en Artikel 56 amptenare sal beskikbaar gestel word teen die maksimum bedrag soos deur die Raad bepaal. Die Munisipale Bestuurder en Artikel 56 amptenare mag self-die pakket bepaal.

9. Sellulêre telefoon kontrakte aan die Burgermeester, Speaker en Raadslede sal beskikbaar gestel word teen die maksimum bedrag soos deur SALGA bepaal. Die Burgermeester, Speaker en Raadslede mag self die pakket bepaal.

10. Subdirektorate waar daar 3G-kaarte benodig word, moet skriftelik toestemming vanaf die Munisipale Bestuurder verkry.

11. Die Raad sal slegs ‘n 3G-kaart beskikbaar stel teen die volgende kontrak naamlik 2 Gig gratis data op kontrak. Enige kostes bo die kontrakprys (BTW uitgesluit) en gratis data, moet deur die verbruiker/amptenaar betaal word.

12. Die Bestuurder Bates moet ‘n sellulêre telefoon register by hou van alle sellulêre fone en 3G kaarte waaroor die Raad beskik.

13. Alle amptenare wat telefoon toelae kry, kwalifiseer nie vir ‘n sellulêle telefoon nie.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Elke Direkteur of sy gedelegeerde, besluit self in watter omstandighede en vir watter tydperk ‘n amptenaar in sy direktoraat die sellulêre telefoon mag gebruik.

2. Elke sellulêre telefoonrekening word deur die Bestuurder Bates maandeliks gerekonsilieer.

3. Indien die sellulêre telefoonrekening die kontrak prys oorskry sal die bedrag meer as die kontrakprys by die verbruiker/amptenaar se salaris verhaal word.

4. Elke amptenaar aan wie die sellulêre telefoon onder hierdie beleid verskaf word vir gebruik, moet eers ‘n gebruikersooreenkoms onderteken alvorens die sellulêre telefoon aan hom/haar toegeken word.

5. Die Munisipale Bestuurder of sy gevolmagtigde, mag weier om aan enige amptenaar ‘n sellulêre telefoon te verskaf, of indien die sellulêre telefoon misbruik word, die vergunning terug te trek, waarna die sellulêre telefoon onmiddellik aan die direkteur of sy gevolmagtigde in ‘n goeie werkende toestand terugbesorg moet word.

6. Wanneer ‘n sellulêre telefoonkontrak hernu word, moet die vorige sellulêre telefoon ingedien word by die Bestuurder Bates. Alle uitgediende/ongebruikte sellulêre telefone word verkoop op ‘n openbare veiling van die Raad.

7. Indien daar uitgevind word dat ‘n amptenaar wat oor ‘n sellulêre telefoon van die Raad beskik en ook telefoon toelae ontvang sal die volle koste terugwerkend van hom/haar verhaal word van die dag wat hy/sy ‘n sellulêre telefoon ontvang het.

ROLLE

Die Munisipale Bestuurder, Direkteur van elke Direktoraat of sy gevolmagtigde, die Bestuurder Bates en elke personeellid wat van die sellulêre telefoon gebruik maak.

VERWANTE BELEID

Geen,

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.